NG Sinode Hoëveld

Uit gemeentes vir gemeentes na die gemeenskap tot eer van God

Nuusbrief #9
20 Maart 2019

In hierdie uitgawe:

» ToekomsNou se Kursus in Gesinsbediening vind vanjaar op 8 April 2019 plaas, skryf solank in!

» CLF se nuwe publikasies

» Vakatures

Geniet u Menseregtedag

Toegang
R10
Gratis toegang vir kinders onder 12

Bring die gesin na ons Nagmark.
Koop by die verskillende stalletjies en geniet heerlike kos en musiek. Kos, miniatuur trein en nog baie meer.

Lindenpark
NAG MARK

H/V CENTRAL & BRAM FISHER LAAN, LINDEN EXT, RANDBURG

VRYDAG 5 APRIL 2019
17:30 - 21:00

Kontak ons vir meer inligting: 011 782 0203 | info@lindenpark.co.za

---

NG Kempton-Kruin bied aan

Jannie du Toit
en
Susan Mouton

Die Eggo van jou oë

VRYDAG *12 April 2019*

NG Kempton-Kruin
KERKGEBOU
Fiskaalstraat 30, Glen Marais

Tyd: 10:00
Toegang: R20 pp

Koffie en tee bedien (donasie) ten bate van Seniorbestuur projekte
Navrae: Kerkkantoor by 011 391 1343

PLEK:	NG GEMEENTE MOOIFONTEIN 17 Maraboe Straat Birch Acres Kempton Park
DATUM:	10 – 12 Mei 2019
TYD:	18:00
KOSTE:	R270,00 (sluit verversings in)
SKAKEL:	Erika 0712473752

NOVO VENNOOTSKAP (MOSAMBIEK)

Gemeentes wat in Mosambiek betrokke is word uitgenooi om verteenwoordigers te stuur na die jaarlikse vergadering van die Novo Vennootskap.

Kerkleiers van die IRM bring ons op hoogte van die situasie in Mosambiek en fokus in besonder op die werk van die Igrecia de Reformada em Moçambique, Novo Sinode.

Hierdie is 'n besondere geleentheid om bande te smee met leraars van die IRM en kontak te maak met ander gemeentes wat ook in Mosambiek werk

Nooi gerus almal waarvan julle bewus is wat in Mosambiek betrokke is uit na die byeenkoms.

Bevestig asseblief vóór of op 1 April wie die vergadering sal bywoon aangesien ons kollegas uit Mosambiek heelwat reelings moet tref vir hulle koms na Suid-Afrika.

Datum:	Donderdag 4 April 2019
Plek :	NG Gemeente Skuilkrans Jan Albertstraat 1 Val-de-Grace Pretoria
Tyd:	08:30 vir 09:00
Kontakbesonderhede :	Carl Louwrens crl@telkomsa.net 082 923 7452

Nog 'n storie van hoop...

Emile Burgers, oudstudent van die Sonitus Skool (een van die skole wat onder TOIBO sorteer), behaal groot mylpale. Hy was 'n student by die Sonitus Skool vanaf Januarie 2007 tot Desember 2016 en in Januarie 2017 het hy by die Dirk Postma Skool aangesluit.

By Sonitus is Emile geïdentifiseer, aangemoedig en ondersteun as 'n sportpresteerder. Hy het vanaf 'n vroeë ouderdom aan atletiek sowel as sagtebal deelgeneem. Hy was deel van die Sonitus sagtebal spanne wat die liga vir twee jaar gewen het en was in die halfeindronde in 2018.

2017: South African Sports Association for the Physically Disabled [SASAPD] National Athletics Championship (Port Elizabeth, boys under 16 T64/F64)

- Gold: SA record javelin
- Gold: Long jump
- Gold: SA record shot-put
- Silver: 200 meters
- LSEN Male Athlete of the Year: Gauteng
- Gauteng School Sports Award: Finalist

International Wheelchair and Amputee Sport [IWAS] World Games (Portugal Villa Real De Santo)

- Gold: Men under 21 Javelin

2018: SASAPD National Athletics Championship (Bloemfontein, boys under 16 T64/F64)

- Gold: SA record javelin
- Silver: SA record 100 m (PB)
- Gold: SA record discus

IWAS World Games 2018 Athlone Ireland

- Gold: Javelin under 17
- Bronze: Shot-put under 20

TOIBO se skole help soveel kinders om hul drome 'n werklikheid te maak en hulle volle potensiaal uit te leef!

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

Seven words from the cross



Paasfees is baie belangrik, veral in Afrika kerke. Die publikasie 'Seven words from the Cross' fokus op die Laaste Woorde van ons Here Jesus op Goeie Vrydag. Die publikasie help die leser om die lyding van Jesus Christus te verstaan. Dit verduidelik die sewe woorde wat aan die kruis gesê is en dit vertel van die belangrike dinge wat gebeur het toe Jesus uit die graf opgestaan het.

Because of the importance of Passover in African churches in particular, and of preaching on the Last Words of our Lord on Good Friday, this book has proved to be very popular and we hope that it will also be a blessing to you and your congregation.

Koop 'Seven words from the cross' aanlyn. Beskikbaar teen slegs R40,50 of kontak CLF by 021 873 6964 of e-pos order@clf.co.za sou u 'n eksemplaar wil bestel.

https://clf.co.za/product/seven-words-from-the-cross/



Bring my die ou-ou tyding

'Bring my die ou-ou tyding', geskryf deur prof Jannie du Preez, handel oor die Here se liefdesverbond met ons. Deur die verbond verbind die Here hom aan ons, skenk Hy sy beloftes, verlos en versorg Hy ons en bou Hy sy koninkryk in die wêreld deur ons.

Koop 'Bring my die ou-ou tyding'aanlyn. Beskikbaar teen slegs R70,70 of kontak CLF by +2721 873 6964 of e-pos order@clf.co.za sou u 'n eksemplaar wil bestel.

https://clf.co.za/product/bring-my-die-ou-ou-tyding/

Excelsus bring graag die volgende werkswinkels onder u aandag:

1. Werkswinkel: Bediening in klein/kleiner-wordende gemeentes | 9-11 April 2019

Baie gemeentes word vandag gekonfronteer met ‘n afname in getalle en die groot uitdagings wat dit aan die bediening stel.

In hierdie werkswinkel word daar besin oor die vraag hoe kleiner/kleinerwordende gemeentes steeds op ‘n betekenisvolle manier ‘n verskil kan maak.

Die uitgangspunt is dat kleiner gemeentes sinvol kan funksioneer as hulle die nodige aanpassings maak wat deur hulle veranderde gemeentegrootte van hulle gevra word.

Vir meer inligting oor hierdie werkswinkel, kliek hier.

2. Werkswinkel: Missionale Leierskap | 16-17 April 2019

In hierdie werkswinkel word daar besin oor die eise wat veranderende omstandighede aan kerke stel en hoedat missionale leierskap kerke kan help om steeds ‘n betekenisvolle rol te speel.

Vir meer inligting oor hierdie werkswinkel, kliek hier.

3. Werkswinkel: Opleiding van Begeleiers van ‘n bedieningsdiagnose in gemeentes | 29-30 April 2019

Excelsus gaan in die volgende jaar ‘n reeks werkswinkels op verskillende plekke aanbied waar predikante en ander gemeenteleiers opgelei word as begeleiers van ‘n Bedieningsdiagnose in gemeentes.

Die werkswinkel berus op die werkboek “Bediening in en van Missionale Gemeentes” wat in 2016 deur Malan Nel en Kennon L Callahan gepubliseer is.

Vir meer inligting oor hierdie werkswinkel, kliek hier.

PASTORALE BERADERS

Ons kry navrae vir Pastorale Beraders.

Indien u wel 'n Pastorale Berader is, kan u asseblief vir my u kontakbesonderhede stuur. As u nie is nie, maar weet van iemand, stuur dan vir my die kontakbesonderhede en ek sal direk met hul kontak maak.

Ons wil graag 'n databasis skep om sodoende 'n addisionele diens te verskaf.

Stuur u besonderhede aan Natassja Marais [pa@ngkhoeveld.co.za].

Kliek hier vir 'n lys van Pastorale Beraders.

DATUMLYS

'n Volledige datumlys, met die portefeuljeleiers se beplanning en belangrike sperdatums, is hier beskikbaar.

AFLOSPREDIKANTE

Kliek hier vir 'n lys van aflospredikante.

BRUGPREDIKANTE

Kliek hier vir 'n lys van brugpredikante.

VAKATURES

Klik hier vir Kerkbode se lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies.

Organisasie / Instansie	Vakante pos	Sluitingsdatum
NG Gemeente Welbekend	Jeugmentor	25 Maart 2019
Abraham Kriel Bambanani	Huisouers	29 Maart 2019
Tutela	Supervisor	31 Maart 2019
NG Gemeente Kempton-Kruin	Kommunikasiebeampte	15 April 2019

Vir meer inligting oor die bogenoemde vakatures, kliek hier.



VRYWARING

Die inligting wat voorsien word en standpunte wat gehuldig word in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE, het geen verifiëring van bevindinge, gevolgtrekkings en opinies deur die NG Kerk van Suid-Transvaal [NG Sinode Hoëveld] nie. Dus weerspieël die inligting en standpunte wat in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE gehuldig word nie noodwendig die van die NG Sinode Hoëveld of sy personeel en lede nie. Menings, afleidings en ander inligting in hierdie boodskap wat nie verband hou met die amptelike werksaamhede van die NG Sinode Hoëveld nie, verteenwoordig nie die amptelike standpunt(e) van die NG Sinode Hoëveld nie.

NUUS VANAF HOËVELD SINODE plaas slegs nuus en inligting vanaf die sinodale, rings- of gemeentelike verband.

Die NG Sinode Hoëveld aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige benadeling en/of skade aan persone of eiendom as gevolg van produk-aanspreeklikheid, oortreding van die Outeursreg Wet 98 van 1978 soos gewysig, waninligting verskaf, nalatigheid of die gebruik van enige metodes, produkte, instruksies of idees wat vervat is in die materiaal soos opgeneem in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE nie. Die inligting en advies is beskikbaar gestel in goeder trou en is afgelei van die inligting verskaf deur die betrokke organisasie/persoon en word voorgehou as betroubaar en akkuraat ten tye van die bekendstelling daarvan. Dit is die verantwoordelikheid van die gebruiker om sy of haar eie besluite te neem oor die akkuraatheid, geldigheid, betroubaarheid en korrektheid van die inligting. Dit beteken dat die instansie en/of die betrokke persoon wat die plasing in die NUUS VANAF HOËVELD SINODE versoek, dan volle verantwoordelikheid vir die gebeure of inligting aanvaar.

Vir enige navrae in verband met hierdie Nuusbrief skakel gerus me N Marais by 011- 975 8220.